# Suksesvolle Suidwes-Vrystaat Groentoer 2023

**Deur Anjé Erasmus, Aartappels SA**

Die Suidwes-Vrystaat (SWV) Aartappelwerkgroep het op 16 November verlede jaar hul jaarlikse Groentoer op Petrusburg aangebied. Die geleentheid was weereens 'n groot sukses danksy getroue borge wat ons as werkgroep in staat gestel het om die gaste met kenmerkende Petrusburg-gasvryheid te ontvang.

Die doel van die Groentoer was om aan Suidwes-Vrystaat produsente die geleentheid te bied om met verskeie rolspelers in die aartappelbedryf te netwerk. Dit was 'n voorreg om vanjaar 'n wye spektrum van rolspelers teenwoordig te hê. Hulle het 'n voorloper landbou-implementmaatskappy, 'n industriële merktegnologie-maatskappy, maatskappye wat insette lewer oor die plant van aartappels, verskeie markagentskappe, elk met unieke bemarkingskanale, asook varsproduktebedryfsvennote ingesluit.

Elke rolspeler lê ons na aan die hart, maar die werkgroep wil graag die kultivar- en produkproefdeelnemers uitsonder en opreg bedank vir hul getroue deelname aan ons jaarlikse proewe. Sonder hulle is 'n dag soos hierdie nie moontlik nie.

## Inligtingsessie

Die verrigtinge het met 'n interessante inligtingsessie deur die bestuur van Aartappels SA, Nile.ag (silwerborg) en RSA Groep (goueborg) afgeskop.



Van links is Jaco Kruger en Rory Verburgt, twee produsente van Petrusburg, in gesprek met Jano Hugo van Omnia.




*Die kultivardemonstrasie by die proefterrein op Theronskop Plaas, Lushof Boerdery, tydens die Groentoer.*

Michael Prinsloo, hoof van die insettemark-afdeling by Nile.ag, het op hul aanlynbemarkingsplatform gefokus en uitgebrei oor die insette wat hulle as maatskappy tot voordeel van die streek se produsente kan lewer.

Andries Erasmus, senior verkoopsdirekteur by RSA Groep, het oor die toekoms van varsproduktemarkte gepraat. Hy het op die Johannesburgse varsproduktemark as markleier gefokus en ook 'n vooruitskouing van die Suidwes-Vrystaat bemarkingstydperk gelewer.

Klem is deurentyd gelê op die dinamiese rol van passievolle produsente wat daagliks die natuur en haar hulpbronne volhoubaar benut om voedsel aan die mensdom te voorsien.

## Kultivars in aksie

Groentoer-gaste het die geleentheid gehad om die proefterrein te besoek en die onderskeie kultivar- en produkproewe te bestudeer. Dit was een van die hoogtepunte van die toer. Johan Odendal sr, voorsitter van die Suidwes-Vrystaat Aartappelwerkgroep, het gesê dit is 'n voorreg dat die proewe jaarliks op sy plaas geplant word, aangesien dit hom toelaat om eerstehands inligting in te samel. Dit bied hom en die werkgroepbestuur die geleentheid om vrae wat by die streek se produsente opduik, te beantwoord. Hulle kan ook die proefdeelnemers nader vir antwoorde.

Odendal het die proefdeelnemers bedank en gesê dit is 'n voorreg om saam met hulle aan die Groentoer deel te neem.

Terugvoer oor die dag het getoon dat borge asook besoekende produsente dankbaar is dat die SWV Aartappelwerkgroep, onder leiding van Aartappels SA, die Groentoer gereël het en sodoende die gaping tussen produsente en rolspelers help oorbrug. Die behoefte aan soortgelyke toekomstige geleenthede is dus groot.

## 'n Suksesvolle toer

As Vrystaat-streekskoördineerder wil ek beklemtoon dat 'n geleentheid soos hierdie waarde toevoeg tot die bedryf. Dit was vir ons as werkgroep 'n groot voorreg om hierdie geleentheid te reël en besprekingspunte te lys. Die Groentoer bied nie net 'n netwerkgeleentheid nie, maar ook die geleentheid om die aangeplante kultivar- en produkproewe eerstehands te bestudeer en by mekaar te leer. Dit is 'n geleentheid waar verrykende inligting verder tussen rolspelers gedeel word en waar die behoeftes vir opvolggeleenthede ontstaan, veral wat die jonger geslag betref.

Ons as werkgroep daag graag ander werkgroepe uit om geleenthede soos hierdie op die been te bring en die energie wat reeds in die bedryf teenwoordig is, positief aan te wend.

Vir meer inligting, kontak Anjé Erasmus by anje@potatoes.co.za.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 38 NO 3 • MAY / JUNE 2024



## LIMPOPO-KULTIVARPROEWE ONDER BESPROEIING IN 2023: DENDRON EN TOM BURKE

## INSIDE: 2024 BAYER SEED POTATO GROWER FINALISTS ANNOUNCED

Overview of world potato markets

Water quality concerns and contingencies

Unleashing the potential of potatoes: Marketing